

5 APRIL

SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 26:36-46
FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 26:39

Laat nie my wil nie, maar U wil geskied

Nadat Jesus en sy dissipels van die Nagmaalstafel opgestaan het, het hulle na 'n olyfboord in Getsemane gegaan. Daar word vermoed dat dit al na middernag moet gewees het toe Jesus en sy dissipels daar aangekom het. Jesus gee opdrag aan sy dissipels om te waak, sodat Hy rustig en ongestoord met sy Vader in gebed kan verkeer.

Dit is 'n gebed wat gekenmerk word deur worsteling. Jesus wat self gesê het dat Hy gekom het om te sterf, bid nou dat as dit God se wil is, dié lydensbeker by Hom mag verbygaan. Christus is glad nie in opstand hier nie en Hy probeer nie sy doel ontwyk nie, maar ons sien dat Jesus 'n ware mens is, 'n mens van vlees en bloed. Jesus ken die wreedheid en afskuwelikheid van die kruis en daarom hierdie worsteling in gebed. In hierdie gebed pas Jesus toe wat Hy sy dissipels leer bid het in Matteus 6:10: Laat nie my wil nie, maar U wil geskied! Deur hierdie worsteling word Jesus kalm en rustig en stry Hy dan die stryd enduit, want dit was sy Vader se wil. Dit het Hy alles gedoen ter wille van ons en ons sonde.

Ons ken ook worsteling met God in gebed, maar bid ons soos wat Jesus ons geleer het? Laat nie my wil nie, maar U wil in my lewe geskied, want U weet wat die beste vir my is? Baiekeer dink ons dat wanneer ons bid, God onmiddellik vir ons moet gee wat ons vra, sonder dat ons besef dat dit miskien skadelik vir ons kan wees. Om die rede moet ons bid dat God se wil in ons lewens sal geskied, voordat ons vra dat ons eie sondige wil en begeertes moet geskied.

Sing: Skrifberyming 28b

Ds Nikla du Plessis (Glencoe/Ladysmith)